# N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

**Posbus 762, Oudtshoorn, 6620**
**Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn**
**GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000**

**VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk**

**Beste Lidmaat**

## Verslapping van regulasies oor kerkbyeenkomstes tydens vlak drie van grendeltyd: N.G. Oudtshoorn-Welgeluk: 28 Mei 2020.

Gelowiges sal vanaf 1 Junie 2020 onderhewig aan streng beperkings weer saam kan aanbid, het president Cyril Ramaphosa in 'n regstreekse uitsending aan die nasie op 26 Mei aangekondig.

"Soos ons na Vlak 3 beweeg op 1 Junie besef ons die diep begeerte onder geloofsgroepe om terug te keer na hulle pligte," het Ramaphosa oor die jongste aanpassings in die regulering van openbare saamtrekke soos eredienste gesê.

'n Opsomming van die regulasies rakende die oopmaak van kerke vanaf 1 Junie 2020 sluit die volgende in.(Government Gazette Vol. 659 28 Mei 2020 No. 43365)

- Godsdiensleiers sal van 1 Junie af op Vlak Drie van die inperkingsmaatreëls ook as noodsaaklike werkers erken word.

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

- ‘n Maksimum van 50 mense word by eredienste toegelaat, insluitende die predikant (Minder mense as fisiese afstand nie gehandhaaf kan word nie.
- Almal moet deurentyd 'n gesigmasker dra.
- Sifting by die deure vir die volgende (Net so aangehaal uit die Gazette): “fever, cough, sore throat, shortness of breath, or difficulty in breathing, including requiring people to report if they have one or more of the following symptoms: body aches. loss of smell or loss of taste. nausea, vomiting, diarrhea, fatigue, weakness or tiredness.” Koors sifting moet met 'n termometer gedoen word.
- Indien 'n persoon gedurende die diens simptome toon moet hul in 'n veilige isolasie ruimte geplaas word.
- Hiervoor moet 'n aparte kamer of gebou geïdentifiseer word. Dan moet hul gehelp word om nodige mediese hulp te verky
- Handreiniger met minimum 70% alkohol by alle deure.
- Geen fisiese kontak en 'n minimum afstand van 1,5m tussen persone.
- Geen sang behalwe solos
- As die godsdienstige aktiwiteit, soos prediking of sing van solos, nie met 'n gesigmasker gedoen kan word nie, moet die afstand tussen persone na 2,5m vergroot word.
- Geen aktiwiteit wat fisiese kontak vereis (bv doop) mag uitgevoer word nie.
- Die persone wat geld tel moet hulle hande voor, gedurende en na die tel ontsmet. Hulle moet daarop let om nie aan hulle gesigte te vat terwyl hulle met die geld besig is nie.
- Die hele plek van aanbidding, insluitende enige voorwerpe gebruik, moet voor die geleentheid ontsmet word.
- Geen Bybels of enige ander boeke of objekte mag gedeel word nie.
- Alle gemeenskaplike areas soos toilette, ingangsportale, deurhandvatsels, ens moet gereeld ontsmet word.
- 'n Plek van aanbidding moet 'n register hou vir 'n tydperk nie korter as 6 maande nie, met die volgende besonderhede van

die persone wat die diens bygewoon het: Volle name; woonadres; Selnommer, huis telefoonnommer of epos adres; asook die kontak besonderhede van mense wat in dieselfde woning bly as die persoon wat die diens bywoon.
- Almal moet ingelig word oor die gevare van COVID-19 en hoe om dit te vermy.
- Daar word geen sosiale aktiwiteite voor of na die diens toegelaat nie (koffie drink, ens).
- Persone oor die ouderdom van 60 en persone met komorbiditeite word aangemoedig om tuis te bly.
- Gemeentes moet protokolle implementeer om seker te maak daar word voldoen aan hierdie regulasies.
- kategese word tot verdere kennisgewing opgeskort.
- Begrafnisse en troues mag gehou word onderhewig aan bogenoemde voorwaardes en ook beperk tot 50 mense.

President Ramaphosa se aankondiging volg na 'n raadplegingsproses met godsdiensleiers.

Die kerkraad van Oudtshoorn Welgeluk gemeente hou op Dinsdagaand 2 Junie ’n kerkraadvergadering oor die implikasies van bogenoemde vir ons gemeente.

Daar sal ook met ander gemeentes in die ring oorleg gepleeg word en gekyk word na Sinodale voorstelle wat voor die einde van die week verwag word.

Die regulasies bo vermeld spreek egter vanself en maak normale eredienste bykans onmoontlik. Selfs bybelstudiegroepe met mense gemasker en op ’n afstand gaan groot uitdagings bied.

U word vriendelik dog dringend uitgenooi om u insette te lewer oor hoe u dink ons Gemeente bogenoemde moet en kan hanteer en of dit hoegenaamd prakties uitvoerbaar is en of daar vir eers by die huidige reëlings gehou moet word. Terugvoer asseblief indien moontlik voor Dinsdag aan my deur te e-pos of te "whatsapp" of telefonies oor te dra.

## Effektiwiteit van preek opnames.

**BNB. U bydrae/inset oor die effektiwiteit van preekopnames word graag na verneem. Eerstens 'n woord van dank aan almal wat so getrou die eredienste kyk of na luister. Statistieke dui op 'n beduidende getal lidmate.**

Die vraag wat nou informeel nagevors word, is welke toestel gebruik word om na dit te kyk. Sien skets hieronder;



Daar is basies vier maniere om na preke te kyk nl:

- Op TV op ’n DSTV “kerkkanaal” van makro gemeentes wat kommersieël daar uitsaai;

of Welgeluk of ander gemeentes se eredienste

- Op TV – d.m.v Youtube in gesinsverband;
- Op die rekenaar op Facebook of Youtube saam met gesin;
- Op ’n slimfoon of tablet – en die geval
    - Kyk/luister die gesin saam;
    - Kyk elk op sy eie tyd wanneer geleë op eie foon;
    - Volg kinders in u gesin ook die eredienste.

**Daar word graag verneem wat u voorkeure is saam met ander voorstelle wat ons kommunikasie prosesse kan verbeter.**

Vriendelike Groete

Andries Potgieter